



FRANSE SENDING

Kindereuangelisasie (CEF)



Ds Johan en Rita Bloemhof
Daaglikse Gebedsversoeke No.112

JANUARIE - FEBRUARIE - MAART 2019



Baie dankie vir jou aktiewe deelname aan die uitbreiding van God se Koninkryk in Frankryk deur voorbidding en

gawes. PARYS en baie dorpe in Frankryk is tans besig te brand ! Onluste, ontevredenheid, onreg... Julle het dit sekerlik op die TV en in die nuus gehoor. Bid asb dat God vrede sal gee vir die verkondiging van die Goeie Nuus.

Wat 'n groot seëning toe ek deur die vorige driemaandelikse gebedslysie lees en besef hoeveel van die gebedsversoeke God laat gebeur het. Dankie vir jou getroue voorbidding oor die afgelope jaar. Vir jou 'sendingwerk' deur teenwoordig te wees "in die gees van gebed". Dit is net so belangrik as ons bediening hier op die Sendingakker. God doen VER bo dit wat ons vra en sou kon dink en dit vir ewig. (Efes.3.20-21)

Mag jy gedurende 2019 elke dag God se teenwoordigheid ervaar. Vertrou God - Hy sal vir jou sorg.

Johan en Rita BLOEMHOF

JANUARIE 2019

« Laat jou lewe aan die Here oor, vertrou op Hom ;
Hy sal sorg » Psalm 37.7

1-2 Mag die Here jou elke dag in 2019 dra en in al jou behoeftes voorsien volgens die rykdom van Sy groot genade.

3-4 **Hélène-Laure verjaar die 4e.** Loof die Here vir haar en haar man se ywer vir God en in die kerk. Bid dat die Here hulle elke dag geestelik sal skool deur die Bybel en hulle huwelik seën. Dank God vir hulle stralende seuntjie Théo(2). Bid dat hy jonk God se hand van liefde deur geloof in Jesus sal neem en sy hele lewe aan Hom toevertrou

5-6 **Johan Bloemhof.** Dank die Here vir baie geleenthede om God te dien en vir gesondheid.

7-8 **Jongmense in ons huis.** Loof God vir Sarah se mooi getuigenis en bid vir 'n goeie Christenlewensmaat. Bid vir Samuel vir sy getuigenis en aanpassing in sy eerste werk.

9-10 **Internet-webblaai Evangelisasie en dissipelskap.** Bid vir die beraders wat elke dag die kinders se Bybelstudies korrigeer.

11-12 **Plaaslike Franse gemeente.** Dank die Here vir wonderlike familie in Christus en vir Evangelisasie ywer. Bid vir voortgaande eenheid en vir duidelike verkondiging van die Evangelie en geloofswaarhede.

13-14 **'CITYKIDS' 2019** is 'n Projek om soveel kinders moontlik in die groot stede te bereik – **MONTREUIL** is 'n reuse voorstad van Parys wat as 'n reël antagonisties is teen die Evangelie. Bid dat gemeentes daar gemotiveerd sal wees en sal uitreik.

15-16 **Kersfeesklubs.** Loof die Here vir al die kinders wat op die wyse in Desembermaand met die evangelie in woonhuise en kerke bereik is. Bid vir die opvolgwerk, dat gereelde Goeie Nuus klubs daaruit voortvloei.

17-18 **Evangelisasie-kommissie plaaslike gemeente.** Paasfees uitreik beplanning

vergadering Sondag. Bid dat die Heilige Gees ons bemoedig, inspireer en lei hoe om effektief die evangelie **gedurig uit te dra.**

19-20 Veritas Module 1 opleiding. Dank die Here vir die getroue deelnemers waarvan twee Turkse leiers. Bid dat almal goed toegerus sal word om die Bybel te verstaan. DV sal ons nog 'n Module 1 aanbied. Bid dat God ywerige lidmate roep en toerus deur Sy Gees.

21-22 Bybelverspreiding. Loof die Here vir die belangstelling by gemeentes om die Woord en Evangelie by gesinne uit te bring.

23-24 Timothée en Julie Bloemhof. Dank God vir hulle liefde vir Hom. Bid dat hulle bly groei in Sy Woord en weet hoe om klein Eliott en Simon in Sy weë op te voed. Bid asb. vir volle genesing van Simon se niere.

25-26 Vandag(25e) word 'n besluit geneem oor 'n neusoperasie wat Johan moet ondergaan vir beter asemhaling. Bid vir wysheid vir die chirurg.

27-28 VERITAS Module 3 skop af vir lidmate. Interpretasie van die Psalms, Wysheidliteratuur en die Profete. Bid vir Johan en Jean wat die kursus aanbied.

29-31 Geloofsending. Dank die Here vir elke ondersteuner, bid dat Hy hulle ryklik sal seën en dat Hy in die werkers se persoonlike behoeftes en bedieningskoste sal voorsien.

FEBRUARIE 2019

„...God het hulle verhoor omdat hulle hulle vertrou op Hom gestel het“ 1 Kron. 15.20

1-2 Uitreike en in Mei en Junie in Normandie en September in Korsika eiland. Bid vir uitreikers, dat die Here voorsien in die kostes en vir redding van baie mense.

3-4 Internet bediening in Europa (IB). Miljoene Europese kinders het nog nooit die Goeie Nuus van die Evangelie een keer gehoor nie. Hoe sal hulle in God glo as hulle nie van Hom gehoor het nie? Bid dat die Here

die Europese IB departement wysheid gee hoe om nuwe toepassings te ontwikkel. Bid ook vir die nodige fondse vir die ontwikkeling.

5-6 Rita Bloemhof. Bid dat ek alles wat ek doen in die gemeente, huis en kinderbediening van harte doen vir die Here en nie vir mense nie. Dank God vir gesondheid. Negentien jaar van genade na die kanker.

7-8 Bid vir bekerings, **HERLEWING** en kerk inskakeling van die mense wat die Evangelie die afgelope 12 jaar ontvang het deur verspreidings regoor Frankryk en die eilande.

9-10 VERITAS opleiding(9e). Laaste kursus van dié reeks van Module 1 oor 18 maande Bid vir die fasiliteerders en dat die deelnemers bemoedig sal word om te volhard.

11-12 Meer werkers vir die oes. Bid dat die Here van die oes na die 7 uitstaande onbereikte streke werkers sal stuur.

13-14 Bid dat God in alles wat ons doen verheerlik word en dat Sy Koninkryk kom. **Soli Deo Gloria. Aan God alleen AL die eer.**

15-16 KORSIKA-eiland beplanning-vergaderings vir die Sept. Uitreik. Die kerkleiers, OM, CEF en Kampus vir Christus hou 'n dinkskrum in gebed **en afhanklikheid om God se wil te soek. Bid asb. vir leiding.**

17-18 Ontwikkeling. Loof die Here vir Johan se sekretaresse **Any** se ywer en werk. Haar broer is onlangs oorlede – 'n groot skok vir haar. Bid vir bemoediging en innerlike krag.

19-20 Nasionale kantoor. Dank die Here vir al die nuwe publikasies. Bid vir nuwe personeel om die wat aftree te vervang. 'n Rekenmeester en administrasiebeampte.

21-22 Onbereikte streek BRETAGNE. Loof die Here vir die dinamiese klein gemeente by Dol-de-Bretagne en al die Suid-Afrikaners wat kom help het. Bid vir vrug op die Evangelie, dat die Kerkgebou sal vol word en vir kerkplanting by **PONTORSON.**

23-24 VERITAS opleiding Module 3. Bid vir die opleiers (Johan en Jean) en dat die paar deelnemers sal groei in kennis van die interpretasie van **die Psalms.**

25-26 AUVERGNE. Bid vir 'n werkers vir die oes onder buitekerklike kinders in dié streek en toerusting van gelowiges.

27-28 Ons kleinkind Ruben is 5 jaar oud. Dank God vir sy lewensvreugde. Bid vir sy bekering en goeie vordering by die skool.

29 Geloofsending. Loof die Here vir Sy getroue voorsiening oor al die jare en vir elke ondersteuner. Bid dat die Here hulle sal seën.

MAART 2019

"Elkeen het 'n siter en 'n goue bak vol wierook gehad, die **gebede van die gelowiges**" Openb 5.8b

1-2 Marcel en Elise Bloemhof. Dank God vir hulle aktiewe deelname in die gemeente. Bid vir Elise se gesondheid (MS) en hulle drie kinders se opvoeding in die Here.

3-4 Europese INTERNET-bediens. Bid vir begaafde jongmense wat nuwe Toepassings kan ontwikkel vir slimfone. Bid dat God se wil duidelik word en vir eenheid op Europese vlak.

5-6 NOYON (Calvyn se geboortedorp) Dank die Here dat die gemeente bly groei en vir die fondse voorsien vir die aankoop van die nuwe Kerkgebou (Teatersaal).

7-8 Onbereikte streek LIMOUSIN. Bid dat baie mense van die deel gered sal word. Bid vir kinderwerkers in dié streek.

9-10 VERITAS opleiding (Module 3). Bid dat elkeen van die deelnemers sal groei in die studie en interpretasie van die Bybel.

11-12 Jean, Holly, Anna en Sophie. Dank die Here vir hulle liefde vir Hom. Bid vir seëninge op hulle bediening. Dank die Here dat hulle Anna en Sophie in Sy weë opvoed. Bid dat hulle orals sal skyn vir Jesus.

13-14 Webblad-beraders. Bid vir die roeping van meer beraders. Dank God vir almal wat getrou volhard – bid vir moed en krag.

15-16 Bid vir bekerings, **HERLEWING** en kerkinskakeling van die gesinne wat die Evangelie die afgelope 12 jaar ontvang het.

17-18 Mag God ook verheerlik word deur die bekering van gesinne wat die Evangelie tydens die **komende uitreike** sal ontvang.

19-20 Loof die Here vir Sy getrouheid oor die 35 jaar se bediening in Frankryk.

21-22 Nasionale CEF Werkers byeenkomste en beheerraadvergadering. Bid vir wysheid vir besluite en onderskeiding van God se wil.

23-24 Dank die Here vir elke ondersteuner en medewerker.

25-26 Suid-Afrikaanse Europese Sendeling byeenkoms in België. Dank die Here vir Sy werk deur elke sendeling in Europa. Bid vir bemoediging, nuwe visie en seën vir elkeen.

27-28 Bid dat die Here al ons 8 kleinkinders sal red.

29-31 Loof die Here vir Sy getrouheid oor al die jare deurdat Hy elke dag in ons lewens- en bedieningbehoefte voorsien. Bid dat Hy die bydraers ryklik sal seën.

NUUSBRIEF en ADRESVERANDERINGS: Franse Sending, NGK Nigel-Oos, Posbus 619, Nigel, 1490

BYDRAES TJEKS: "Child Evangelism Fellowship" Spesifiseer asb. vir "**ds J. F. Bloemhof Nr 30**"; CEF, Posbus 3139; Somerset-Wes 7129; RSA (Navrae: Dr van Zyl Tel. 081 736 7679) **E-pos:** cfsafinance@gmail.com vir 'n amptelike kwitansie.

BANKINBETALINGS OF DEBIETORDERS

FNB (First Nasionale Bank)

Rekening naam: Child Evangelism Fellowship

Takkode: 200912 **Rekening nr.** 53 800 042 847

Verwysing: Vir **ds J. F. Bloemhof nr 30** Stuur 'n afskrif van u inbetalings aan e-pos vir 'n amptelike kwitansie

DEBIETORDERS:

U kan ook die CEF SA kantoor skakel (081 736 7679) of e-pos cfsafinance@gmail.com en 'n DEBIETORDER vorm aanvra indien u op hierdie wyse die bediening **maandeliks wil ondersteun. Spesifiseer asb. dat dit is** vir die CEF Bediening van **Ds Bloemhof**